Leer uit Gister, Leef vir Vandag, Werk vir Môre

Riebie Klanke

Jaargang 25 | Nommer 44 | 23 September 2021
d6 Connect | www.riebie.co.za

UIT DIE HOOF SE PEN

" Be yourself because an original is worth more than a copy ".
~ Unknown ~

VAKANSIE

Die skool sal volgende week, 1 Oktober 2021, vir 'n kort skoolvakansie sluit. Skole heropen vir die 4de kwartaal op 11 Oktober 2021.

Program vir 1 Oktober 2021:

07:00 – 08:00 Leerders kan akademiese verslae by hul registerklasse afhaal en dadelik weer verdaag.
Geen formele klasonderrig nie – Leerders mag in gewone klere skool toe kom.

NB: GEEN akademiese verslae sal vroeër aan leerders beskikbaar gestel word nie. Indien 'n leerder nie sy/haar verslag kom afhaal nie, sal die leerder dit eers op 11 Oktober 2021 ontvang. **GEEN** verslae is in die kantoor beskikbaar nie.

08:30 Personeel vergader met die oog op beplanning vir die 4de kwartaal.

Die skool se Naskoolsentrum, Riebie Rakkers, is gedurende die Oktober skoolvakansie vanaf 06:30 vir alle Naskoolleerders oop.

Maak gebruik van die vakansie om die familie-rieme weer styf te trek, deur kosbare tyd saam met u kind/ers deur te bring.

GHOLFDAG

Die 2021 Riebie Gholfdag het verlede Vrydag plaasgevind en 'n nuwe blaadjie omgeslaan... Dit was die eerste keer wat die Gholfdag by die Modderfontein Gholfklub plaasgevind het en dié dag staan nou bekend as die: Van Riebeeckpark Classic Gholfdag 😊.

Die sukses van die dag kan toegeskryf word aan ons ouers wat met oorgawe die putjies “op horings geneem” het en die Pa’s en Ma’s wat ingeskryf het om te speel en/of om die skool te borg. Die atmosfeer was ongelooflik! Mense het gelag, gekuier, en natuurlik... Gholf gespeel!

Die voorbereiding en bemanning van putjies, die beplanning van die pakkies, die versiering, die lootjie pryse, stoele, tafels, dekor, hemde en hooftooisels was uitstekend!! Dit verg baie werk en tyd, en daarvoor sê ons **baie baie dankie**!!!

Aan al die Borge, donasies wat ontvang is, Ouers en die Gemeenskap wat betrokke geraak het, baie dankie vir elke minuut en elke rand wat in hierdie groot fondsinsamelingsprojek ingegaan het. Die skool het groot waardering vir een en elkeen, sowel as ons betrokke personeel, wat saam hande gevat het en as ‘n span sukses behaal het. Ons glo dat ons in die toekoms weer op almal kan staatmaak om die skool te ondersteun.

Die 2021 Van Riebeeckpark Classic Gholfdag was ‘n groot sukses!

Sien gerus fotos op die Riebie Facebookblad.

ARTIKEL 18A

Ons besef daagliks dat ‘n skool in vandag se tyd ‘n gemeenskap-gedrewe instansie moet wees.

Indien u Laerskool Van Riebeeckpark finansieel wil ondersteun, kan u die skool gerus kontak. Laerskool Van Riebeeckpark kan vir u ‘n Artikel 18A sertifikaat uitreik, wat u dan weer van die belasting kan verhaal. U kan die sertifikaat aan u boekhouer beskikbaar stel om die nodige berekeninge te doen vir belastingkorting doeleindes.

RIEBIE KASKARDAG

Die Riebie Kaskardag was ‘n reuse sukses. Baie dankie aan elke ouer, leerder en personeellid wat betrokke was en dié dag moontlik gemaak het.

Die skool is in ‘n baie gunstige posisie deurdat ons met fondsinsamelingsprojekte op die gemeenskap kan staatmaak. Die waarde van die dag word egter nie net gemeet aan die hoeveelheid fondse wat geïn is nie, maar die saamwerk van die gemeenskap om ‘n doel te kan bereik en dan natuurlik ook die geleentheid wat dit vir die leerders bied om sosiaal te kan verkeer. ‘n Dag uit die gewone skool-roetine uit, verrig wondere vir enige persoon se gemoedstoestand.

Baie dankie vir u positiewe gesindheid teenoor u kind/ers se skool !!!

ATLETIEK

As gevolg van verskeie skole wat nie hierdie jaar by enige sporte betrokke wou wees nie, was die Hokkie- en Krieketseisoen werklik kort gewees en staan reeds einde se kant toe. Die Riebies het egter voortgegaan om vir ons leerders die geleentheid te gee om deel te wees van dié kort seisoen.

Die skool het baie kinders en ouers wat steeds uitgehonger is vir sporte, daarom gaan ons dadelik voort met die atletiekseisoen. Stuur asseblief u kind/ers om deel te wees van die atletiek. *Atletiek skep mos geleentheid vir massadeelname ...*

Die skool het reeds te kenne gegee dat ons by drie byeenkomste betrokke wil wees. Deelname sal voor die finale eksamen plaasvind en die Riebies is dus reeds hard aan die werk!

DIE BELANGRIKHEID VAN ‘N GOEIE SELFBEELD IN KINDERS

Ons is in ‘n baie bevoorregte posisie om elke dag met kinders te kan werk. Ons kry die geleentheid om ‘n positiewe persoon in kinders se lewe te wees en hulle te help met die ontwikkeling van ‘n goeie selfbeeld.

Kinders word ongelukkig nie met ‘n goeie selfbeeld gebore nie en talle aspekte kan die ontwikkeling van ‘n goeie selfbeeld in kinders benadeel. Dit is grootliks die taak van ouers om ‘n goeie selfbeeld in kinders te bou. Soos kinders egter ouer raak, speel ander persone (soos onderwysers en maats) ook ‘n rol in selfbeeld-ontwikkeling.

Hierdie aspekte is moeilik vir ouers om te beheer, maar indien ouers reeds ‘n positiewe selfbeeld in hul kinders ontwikkel het, sal dit vir kinders makliker wees om negatiewe aspekte van buite, positief te hanteer.

“At the end of the day, the most overwhelming key to a child’s success is the positive involvement of parents.”
Jane D. Hull

Hoe kan u, as ouer, help in die ontwikkeling van ‘n goeie selfbeeld in u kind/ers?

Hier volg ‘n paar wenke hoe u ‘n aktiewe rol in die ontwikkeling van u kind/ers se selfbeeld kan speel:

- ☆ Wees bewus daarvan dat u kind ‘n unieke individu is. Dit is belangrik om individuele sterktes te motiveer. Kinders moet die geleentheid kry om hulself te wees. U kind is nie ‘n klein replika van u nie en u kan nie u eie lewe deur u kinders uitleef nie.

- ☆ Hou u verwagtinge van u kind realisties en gee erkenning en motivering op ‘n daaglikse basis. Kinders reageer baie beter op positiewe versterking, as negatiewe kritiek.

- ☆ Gee vir u kind die vryheid om ouderdom-gepaste keuses te maak en los spasie vir foute maak. Kinders moet besef dat almal foute maak en dat dit geleenthede vir leer is. Gee ook vir u kind ouderdom-gepaste verantwoordelikhede. Dit help om u kind te bemagtig en lei na die bemeestering van take.

- ☆ Aanvaar u kind se negatiewe emosies en leer hom/haar hoe om daaroor te praat en hoe om dit te hanteer. Wees ‘n goeie rolmodel vir die effektiewe hantering van emosies.

- ☆ Maak pret, lag, speel en kreatiwiteit ‘n daaglikse aktiwiteit in u gesin. Gee vir u kind onvoorwaardelike aanvaarding en liefde en maak dit vir hulle so maklik as moontlik om met u te praat.

- ☆ Kinders moet weet dat hul ouers altyd vir hulle lief is, maak nie saak wat nie.

Your biggest enemy is yourself, so be your best friend.

ALGEMENE JAARVERGADERING: 18 OKTOBER 2021

Neem asseblief kennis van die skool se Algemene Ouervergadering wat op **Maandag, 18 Oktober 2021, om 18:00** sal plaasvind. Die vergadering gaan hierdie jaar, soos verlede jaar, as gevolg van die covid-regulasies, **ELEKTRONIES** aangebied word.

Ouers kan op dié dag inskakel, waartydens die verslae vir 2021 en die begroting vir 2022 via Teams aan ouers voorgelê sal word.

Volgens die Skolewet moet die skool 'n kworum van 15% van die totale geregistreerde ouers teenwoordig hê (aanlyn). Dit is juis daarom **baie belangrik** dat ouers asseblief om 17:50 inskakel, en ingeskakel bly tot 18:30. Indien die skool nie 'n kworum van 15% bereik nie, sal die vergadering nie kan voortgaan nie en word die vergadering dan vir Maandag, 25 Oktober 2021 om 18:00, geskeduleer.

BELANGRIK: **Elke ouer** moet asseblief **afsonderlik** registreer en **slegs** biologiese ouers, of geregistreerde voogde soos op die skool se databasis, sal toegelaat word om te registreer en die vergadering by te woon.

BELANGRIK: Sodra u ingeskakel het, vra ons dat u asseblief u naam en van, en die van u gade, (indien u een toestel gebruik) in die "vraag-en-antwoord boksie" sal inlees.

Ouers het twee opsies om te registreer:

1. Kliek gerus op die **skakel** hieronder

Registrasie link :
https://forms.office.com/r/rCZrfsnNe6

OF

2. Skandeer die QR kode met enige slimfoon.

Indien ouers nie voor die tyd registreer nie, sal hulle ongelukkig nie toegang tot die vergadering kan kry nie.

Om data te bespaar sal die vergadering nie langer as 40-minute duur nie.

Daar sal 'n geleentheid wees om vrae te vra en 'n stemming vir resolusies sal ook op dieselfde platform behartig word.

Om vir ouers die geleentheid te gee om seker te maak dat u wel tot die platform toegang het, sal die skool die volgende datums gebruik om enige onsekerhede uit die weg te ruim.

Maandag 11 Oktober 2021
Ouers kan om 18:00 inskakel om te toets of die platform werk. E-pos asseblief enige probleme of navrae na: budget2022@riebie.co.za.

Maandag 18 Oktober 2021
Ouers moet asseblief om 17:50 inskakel. Die vergadering sal om **18:00** 'n aanvang neem.

Groete tot volgende week.....

V BOTHA – SKOOLHOOF

AKADEMIE

SKRIFPAKKETTE - 2022

Graad 1 – Graad 6 ouers word herinner dat die betaling van die skrifpakkette teen 31 Oktober 2021 afgehandel moet wees. Geen uitstel kan gegee word, aangesien die pakkette bestel en gepak moet word.

PRYS PER PAKKET : R250.00

Bankbesonderhede
Rekeningnaam : Laerskool van Riebeeckpark
Bank : FNB
Tipe Rekening : Tjekrekening
Takkode : 205 609
Rekeningnommer : 6274 913 4243
Verwysingsnommer : 9805 en Leerder se naam, van en graad

SPORT

ATLETIEK

Uitdunne vanaf 27 tot 29 September 2021 : **ALLE LEERDERS IS WELKOM !!!!**

27 September 14:15 – 16:15

- Hekkies Graad 3 – Graad 6
- Hoogspring Graad 3
- Verspring Graad 4
- Gewigstoot Graad 5

28 September (GEEN OEFENING OF UITDUNNE)

29 September 14:15 – 16:15

- Gewigstoot Graad 3 en Graad 4
- Verspring Graad 5 en Graad 6
- Hoogspring Graad 6

30 September 14:15 – 16:15

- Verspring Graad 3
- Hoogspring Graad 4 en Graad 5
- Gewigstoot Graad 6
- 1500m Graad 6

Oefentye gedurende die skoolvakansie

4 Oktober 2021 – 7 Oktober 2021 : 08:00 – 10:00 (elke dag)

HOKKIE

SEUNS OEFENTYE

Maandag 15:15 - 16:15

SEUNS WEDSTRYDE

Die O/13 seuns Hokkiespan se laaste wedstryd is as volg:

28 September 2021 : VRP vs Kruinsig (by Jeugland)

ALGEMEEN

DRA VAN MASKERS

Dit was onder ons aandag gebring dat daar elke dag al hoe meer leerders is wat maskers by die kantoor kom afhaal, omdat hulle nie maskers het nie.

Maskers is volgens wet **verpligtend en leerders mag nie tot die skoolterrein toegelaat word sonder 'n masker nie.**

Ons leerders se veiligheid is vir ons uiters belangrik. In belang van u kind se eie gesondheid, maak asseblief seker dat sy/haar masker elke dag gewas word en skoon is vir die volgende dag se gebruik.

RIEBIE RAKKERS NASKOOLSENTRUM

Kontaknommers:

- Junior Naskoolsentrum: 076 515 5497
- Senior Naskoolsentrum: 082 265 4909

Vir enige navrae of klagtes, e-pos gerus vir Mev. T. Abrahams by teresa@riebie.co.za

SPYSKAART VIR DIE WEEK: 27 SEPTEMBER 2021 – 1 OKTOBER 2021

MAANDAG	HAMBURGER	BROODJIE & SAP
DINSDAG	GEBAKTE PASTA	BROODJIE & SAP
WOENSDAG	GEVULDE VETKOEKE	BROODJIE & SAP
DONDERDAG	MAALVLEIS EN MASH	BROODJIE & SAP
VRYDAG	BOEREWORS ROLLE	SKYFIES / SAP / VRUG

*** Die spyskaart is onderhewig aan veranderings ***